higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N4

(7080104)

19 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Rooi en blou is primêre kleure.

1.1.2 As 'n mens geel en rooi saammeng, kry jy groen.

1.1.3 Fyn motoriese vaardighede word ontwikkel wanneer n kind kap, sny en knie terwyl hy of sy bak en maak.

1.1.4 Verskillende teksture moet gebruik word om die vloer van 'n babakamer te bedek.

1.1.5 Babas moet nooit in hul baba-bedjies gelos word wanneer hulle wakker is nie.

1.1.6 Battery-gedrewe speelgoed moet nie in die crèche gebruik word nie.

1.1.7 Sosiale spel beteken dat kinders met ander kinders in groepe van twee tot vier begin speel.

1.1.8 Morsige spel staan ook bekend as verbeeldingspel.

1.1.9 Babas moet gehelp word om musiek te geniet, omdat dit nie vir hulle natuurlik is nie

1.1.10 Dit is nie nodig om 'n spesiale hoekie vir manipulasiespel te skep nie, omdat enige gemaklike plek daarvoor geskik is.

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Lys van kriteria wat 'n kind moet kan bereik	A	notaboek
1.2.2	Word vir toevallige waarnemings gebruik	B	bewegingsgrafiek
1.2.3	Kind word nie 'n keuse van aktiwiteite gegun wanneer hy/sy waargeneem word nie	C	kontrolelys
1.2.4	Konteks van die waarneming	D	omgewing, tyd van die dag, geraas en distraksies
1.2.5	Metode vereis van die educare-praktisyn om in vryespeltyd met die kind rond te beweeg	E	vanaf 1–2 jaar
1.2.6	Baba kan fokus en 'n voorwerp met sy/haar oë volg	F	beplande waarneming
1.2.7	Baba se eerste woorde is herkenbaar, meestal deur die ouers	G	drie maande
1.2.8	Voorwerp in 'n toe houer maak 'n geluid en die baba word aangemoedig om dit op te tel	H	drie jaar
1.2.9	Vermoë om die teenwoordigheid van klank te herken	I	ouditiewe diskriminasie
1.2.10	Onderskei tussen klank en stilte	J	ontdekkingspel
		K	probleemoplossingspel
		L	ouditiewe bewustheid
		M	ouditiewe volgorde

(10 × 2) (20)

1.3 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Helder primêre kleure …

A trek 'n kind se aandag.
B is oranje en pers.
C is geskik vir die rusarea.
D is geskik vir die leesarea.

1.3.2 … is 'n voorbeeld van morsige spel.

A Wegkruipery
B Fantasie-spel
C Legkaart bou
D Waterspel

1.3.3 Gedurende kartonhouer-konstruksie leer kinders ook oor die konsep van ...

A ruimtelike bewustheid.
B warm en koud.
C sortering.
D klassifikasie.

1.3.4 Die educare-praktisyn moet daagliks en in die loop van die dag saam met die kinders ...

A slaap
B kreatiewe aktiwiteite doen
C waarneem
D voer

1.3.5 Twee sensoriese ervarings van smaak is …

A sout en bruin.
B bitter en soet.
C soet en kaneelgeure.
D sag en helder.

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Jy wil jou eie crèche begin.

Jy was gelukkig om 'n borg te kry wat jou met die inhoud van die crèche gaan help.

2.1.1 Noem en bespreek SES algemene vereistes wat jy in gedagte moet hou wanneer jy die babakamer inrig. (6 × 2) (12)

2.1.2 Speelgoed kan duur wees.

Noem DRIE soorte speelgoed en verduidelik hoe educare-praktisyns dit kan maak deur herwonne materiaal te gebruik. (3 × 2) (6)

2.1.3 Bespreek SES kriteria wat 'n educare-praktisyn in gedagte moet hou wanneer hy of sy geskikte speelgoed vir kleuters kies. (6)

2.2 Bespreek VYF faktore wat speel in 'n jong kind kan beïnvloed. (5 × 2) (10)

2.3



[Bron: *http://www.brightbeginnings-childcare.com/*]

2.3.1 Verduidelik VYF redes waarom teken in die crèche belangrik is. (5)

2.3.2 Noem SEWE soorte tekenmateriaal wat gebruik kan word. (7)

2.3.3 Skryf TWEE waarnemings neer oor enige van die kinders in die prent hier bo. (2 × 2) (4)

[50]

VRAAG 3

3.1 Fisiese aktiwiteit is baie belangrik vir babas om holisties te kan ontwikkel.

3.1.1 Definieer die term *fisies aktiewe spel*. (3)

3.1.2 Noem wanneer en waar fisies aktiewe spel in 'n crèche sal plaasvind. (2 × 2) (4)

3.1.3 Bespreek die rol van die educare-praktiwyn gedurende fisies aktiewe spel. (6 × 1) (6)

3.2 Bespreek die doek-omruilarea. (5 × 1) (5)

3.3 Noem die algemene kriteria vir skriftelike beplanning. (4 × 2) (8)

3.4 Kopieer die volgende lesplan in die ANTWOORDBOEK en voltooi dit deur jou beplanning vir 'n *manipulasie-speelaktiwiteit* vir babas van 12–18 maande oud neer te skryf.

ALGEMENE INLIGTING

-
-
-
-
-
-

(6 × 1) (6)

INLEIDING		
Doelwit	**Aktiwiteit**	**Apparaat**
		(3 × 2) (6)

HOOFAKTIWITEIT		
Kerndoelwit	**Aktiwiteit**	**Apparaat**
		(3 × 2) (6)

AFSLUITING		
Doelwit	**Aktiwiteit**	**Apparaat**
		(3 × 2) (6)

[50]

VRAAG 4

4.1 Babas en kleuters moet tyd buite die klaskamer spandeer.

Bespreek die algemene vereistes vir die buite-area (speelgrond) vir babas en kleuters. (10 × 1) (10)

4.2 'Deur gereeld saam met kinders te lees, stimuleer dit optimale patrone van breinontwikkeling en versterk ouer-kind-verhoudings in 'n kritieke stadium van die kind se ontwikkeling. Dit bou weer lewenslange taal-. geletterdheids-en sosiale vaardighede.'

[Bron: *American Academy of Pediatrics: 'www.todaysparent.com'*]

4.2.1 Verduidelik hoe jy boeke in die klaskamer sal berg. (4 × 1) (4)

4.2.2 Verduidelik aan ouers hoe hulle by hul kleuters se taalontwikkeling betrokke kan wees. (6 × 2) (12)

4.3 Noem VYF vereistes om verslae te skryf. (5)

4.4



[Bron: *https://jellybeanattic.wordpress.com*]

4.4.1 Verduidelik die term *collage*. (3 × 1) (3)

4.4.2 Noem AGT voorbeelde van media/materiaal wat vir 'n collage geskik is. (8)

4.4.3 Kyk na die collage-tafel hier bo.

Verduidelik hoe 'n educare-praktisyn 'n collage-aktiwiteit moet aanbied. (4 × 2) (8)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou